

BenguFarm™



ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE
BEEF • GAME • SHEEP • GOATS • PIGS • GENETICS

Nuusbrief 2/2018

1 November 2018

In hierdie Nuusbrief:

- **Het jy jou BenguFarm al opgradeer?**
- **Het jy geweet?**
 - **Weiding benutting van kampe verslag**
 - **Uitgawes aantekene in BenguFarm**
 - **Kudde Inkomste en Uitgawes Opsomming verslag**

Om vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

Het jy jou BenguFarm al opgradeer?

Indien jy nog nie jou BenguFarm program opgradeer het na die nuutste (v21 Sep 2018p) weergawe nie, volg die volgende stappe om dit nou te doen.

- **Indien jou BenguFarm-weergawe** (die weergawe datum word bo-aan die BenguFarm hoofskerm vertoon), **tans v16 Jul 2018 of nuwer is** kan jy BenguFarm opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm. Gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na Lêer_> Opgradeer vanaf Web.
- **Indien jou BenguFarm-weergawe nog vóór v16 Jul 2018 is**, volg onderstaande stappe om die nuutste opgradering af te laai en te installeer. **Kontak gerus jou BenguFarm agent vir hulp, indien nodig.** Nadat BenguFarm op hierdie wyse opgradeer is, sal die web-opdaterings funksie in BenguFarm [Lêer > Opgradeer vanaf Web] weer normal werk vir toekomstige opdaterings.
 - Maak 'n rugsteun van jou BenguFarm databasis(se).
 - Maak die BenguFarm program **toe**.
 - Gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates.
 - Laai die lêer **BenguFarm Update v21-09-2018p.exe** soos gewoonlik af op jou rekenaar, naamlik regs klik op die opgradering skakel en "Save link/target as...". 'n Klein skerm sal oopmaak waar die gebruiker kan kies waar die update lêer gestoor moet word. Sodra die plek gekies is, klik op "Save" om te begin die lêer af te laai. Let op waar die lêer gestoor word.
 - Sodra die aflaai voltooi is, moet die self-onttrekking ("self-extracting") zip lêer uitgevoer word. Kies "Run" van die "Download Complete" dialoog. (Die "Download Complete" dialoog word vertoon deur die webblaaier sodra die lêer aflaai voltooi is). Windows mag moontlik 'n sekuriteit waarskuwing gee en die gebruiker vra of die lêer moet "run" of nie. Kies die "More info" en/of "Run" / "Run anyway" om die opgradering te installeer.

- Die opgradering lêer sal outomaties die BenguFarm installasiegids soek en al die nodige lêers opgradeer. Wag totdat die "Update Installed" boodskap vertoon word dan op OK. Onthou om jou antivirus sagteware weer te aktiveer indien jy dit tydelik gede-aktiveer het.
- Maak BenguFarm oop en kyk of die nuwe weergawe inderdaad geïnstalleer is. (Die weergawe inligting vertoon aan die bokant van die hoofskerm. Dit moet wees **BenguFarm™ [Module] v21 Sep 2018p**).

Het jy geweet?

Weiding benutting van kampe verslag:

Om 'n verslag te skep van die weiding benutting van kampe vir 'n sekere tydperk, gaan na Verslae > Kampe en Kuddes > Weiding Benutting per Kamp. **Wenk:** Kliek op die Berekenings inligtingsknoppie regs onderaan die skerm om te sien hoe die berekenings gedoen word. **Let wel:**

- Hierdie verslag maak gebruik van die kampverskuiwings geskiedenis in BenguFarm. Dit is dus krities dat hierdie data beskikbaar is vir die tydperk waarvoor die verslag geskep word.
- Om die volle voordeel van hierdie verslag te kry, spesifiek die persentasie wat die onderskeie kampe reeds benut is, is dit belangrik om kampgroottes en die drakrag (GVE/ha) per kamp op te stel by Opstellings > Kampe.
- Om te sien hoe die aantal GVE bereken word vir verskillende kategorieë diere, gaan na Opstellings > Kuddes > Herineraars > Verstek Diergetalle Berekeningsmetode en kliek op die opstellings knoppie.
- Die aantal GVE word bereken volgens die kategorie waarin die betrokke dier was op die tydstip toe die dier in die kamp was.

Berekenings:

Om boere in staat te stel om hierdie verslag te volle te benut, verskaf ons graag die berekening metodes vir die verskillende berekenings. In die nuutste (21 Sep 2018o) BenguFarm weergawe is hierdie berekening metodes beskikbaar op die skerm indien gekliek word op die Berekenings inligting knoppie regs onderaan die skerm.

- **Dae afdeling:**
 - $\text{Dier Dae} = \# \text{ Diere in kamp} \times \# \text{ Dae Bewei}$
 - $\text{Dae Bewei} = \text{Totale \# dae wat daar diere in die kamp was}$
 - $\text{Gem. Diere / Dag Bewei} = \text{Dier Dae} / \text{Dae Bewei}$
- **GVE afdeling:**
 - $\text{Benut} = \text{Die som van die individuele diere se GVE vir die aantal dae wat hulle in die kamp was}$
 - $\text{Gem. GVE / Dier} = \# \text{ GVE} / \# \text{ Diere}$
 - $\text{Gem. GVE / Dag Bewei} = \# \text{ GVE} / \# \text{ Dae Bewei}$
- **Jaarlikse Totale GVE afdeling:**
 - $\text{Kapasiteit} = [\text{Kampgrootte} / (\text{ha/GVE dus drakrag})] \times 365$
 - $\text{Balans} = \text{Kapasiteit} - \text{Benut}$
 - $\% \text{ Benutting} = (\text{Benut} / \text{Kapasiteit}) \times 100$

Uitgawes aanteken in BenguFarm:

- **Voorraad aankope:** Die *totale* uitgawe vir die aankoop van voorraad kan op die volgende skerms aangeteken word:
 - Gesondheid > Enstowwe, Doseermiddels en Aanvullings Voorraad.
 - Gesondheid > Medisyne Voorraad.
 - Ander Data > Diverse Voorraad (bv. lek, voer, konsentrate).
 - Reproduksie > Semen Voorraad.
- **Uitgawe per dier:** Sekere uitgawes kan in BenguFarm per dier aangteken word. Die volgende uitgawes kan per dier op die volgende skerms aanteken word:
 - Gesondheid > Inentings, Doserings en Aanvullings. **Let wel:** Die koste per dier word *nie* outomaties bereken vanaf die Enstowwe, Doseermiddels en Aanvullings Voorraad *nie*).
 - Gesondheid > Siektes, Beserings en Behandlings. **Let wel:** Voorsiening word gemaak vir die aanteken van beide veearts en/of medisyne uitgawes. Die medisyne koste per dier word *nie* outomaties bereken vanaf die Medisyne Voorraad *nie*).

- Ander Data > Prosedures. Uitgawes vir prosedures (bv. vrugbaarheidstoetse, dragtigheidstoetse, DNA analises, oorplaatjies, ens.) wat per dier gedoen word kan hier aangeteken word.
- Reproduksie > Dekkings > Kunsmatige Inseminasies. **Let wel:** Die strooitjie koste per dier ge-KI word outomaties bereken vanaf die Semen Voorraad, mits die aankoop prys aangeteken is op daardie skerm.
- Reproduksie > Embrio Inplantings. **Let wel:** Die koste per dier word *nie* outomaties bereken vanaf die Embrio Voorraad *nie*.
- **Uitgawe per Kamp:** Sekere uitgawes (bv. lek uitgesit, voer uitgesit, kamp ontbos, voorbrande gemaak, heinings opgerig, ens.) kan nie per dier aangteken word nie, maar dit kan wel per kamp aangeteken word. In ag genome die aantal diere in die kamp, kan 'n gemiddelde koste per dier wel bereken word. Hierdie tipe uitgawes per kamp kan op die Kamp Aktiwiteite skerm [Ander Data > Kamp Aktiwiteite] aanteken word: **Let wel:** Indien die betrokke item, bv. winterlek, aangeteken is by Diverse Voorraad *en* die betrokke voorraad item gekies word op die Kamp Aktiwiteite skerm, sal die uitgawe outomaties bereken word. Andersins kan die uitgawe aangeteken word op die Kamp Aktiwiteite skerm.
- **Uitgawe per Kudde:** Sekere uitgawes (bv. arbeid, brandstof, telersgenootskap fooie, ens.) kan nie per dier of per kamp aangteken word nie, maar dit kan wel aangeteken word as algemene uitgawes vir die *betrokke kudde*. Hierdie tipe uitgawes per kudde kan op die Algemene Kudde Uitgawes skerm [Ander Data > Algemene Kudde Uitgawes] aanteken word. Uitgawes wat per dier aangeteken kan word (bv. vrugbaarheid ondersoeke, dragtigheid ondersoeke, DNA analises) maar wat nie per dier aangeteken is nie, kan hier as 'n totale uitgawe vir die betrokke kudde aangeteken word.

Kudde Inkomste en Uitgawes Opsomming verslag:

- Die doel met die Kudde Inkomste en Uitgawes Opsomming verslag is om die inkomste en uitgawes vir die betrokke kudde per item vir 'n spesifieke tydperk (bv. vir 'n finansiële jaar) te bereken.
- Om 'n Kudde Inkomste en Uitgawes Opsomming verslag te skep, gaan na Verslae > Kudde Ontleding > Kudde Inkomste en Uitgawes Opsomming. **Let wel:** Voorrade aangekope (sien hierbo) sal *nie* as uitgawe verskyn op hierdie verslag nie. Dit sal slegs as uitgawe verskyn indien die gebruik daarvan aangeteken is per dier, kamp of kudde.

oOo